Vyfde uitgawe
2022

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

Pretoria Bonsai Kai bestuur:

- Voorsitter – Org Exley
  082 809 2037
- Ondervoorsitter – Francois van As
  074 6011847
- Tesourier - Bruce Carter
  084 5132220
- Sekretaresse – Mariaan Erwee
  083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak
  083 388 4736
- Addisionele lede :
  Duvan Horn
  Johan Els
  Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.Kriek@Zutari.com

In hierdie uitgawe

Van die Redakteur	1
Vergadering 4 Junie	2
Vergadering 2 Julie	16
Terugvoering	44
Sorgskedule	45

Van die redakteur

Bonsai vriende

Ek hoor nou die dag dat 'n tiener, gedurende 'n sportwedstryd, vir 'n spanmaat grappenderwys sê: "Ons is nou so vêr agter dit voel of ons voor is."

Wel ek voel amper so met die uitgee van die Koeda. Soos julle in hierdie uitgawe sal sien dek ek nou eers die Junie en Julie vergaderings van 2022……...Ek het 'n rooi gesig van skaamte.

Wanneer mens agter geraak het met so iets kan jy 'n paar dinge doen, soos om maar te los en net aan te gaan waar jy nou is, of om wel te poog om in te haal.

Om in te haal is moeilik en dus het ek besluit om wel die temas van die vergaderings te dek en ander artikels wat ek gewoonlik plaas uit te los, want dit neem nogal tyd.

So, die volgende paar uitgawes gaan nie artikels soos bv terugvoering van demonstrasie bome en ander bevat nie.

Hoop julle sal verstaan en my vergewe.

Nog 'n probleem as mens so agter geraak het is dat die kriptiese notas wat by die vergaderings geneem is, soos oor die bome wat uitgestal was, nou na klomp maande nogal Grieks lyk. So as ek dalk so paar feite oor die bome en hul eienaars verkeerd het, vergewe ook asseblief.

Geniet egter die uitstekende inligting wat met baie moeite deur die aanbieders by die vergaderings gegee is.

Bonsai groete

Jaco

"I have killed more trees than you will ever own...." - William N. Valavanis

Vergadering van 4 Junie 2022

Vergadering van 4 Junie 2022

'Tip of the month' - Deur Jakes van Heerden

Jakes het 'n baie insiggewende praatjie gegee oor erdwurms en erdwurm 'tee' wat gebruik kan word vir jou bome en tuin.

Jakes het vertel dat hy die afgelope 20 jaar die erdwurm tee op sy bonsai gebruik as voeding.

Jakes se sisteem gebruik twee houers wat bo-op mekaar is. Die boonste houer het gate onder in en die onderste houer is waterdig en versamel die tee. Hy gebruik verkieslik swart houers. Daar is twee soorte erdwurms. Die een soort is wat ons in ons tuine kry en is nie so goed vir tee boerdery nie, maar is goed in kompos hope, vir visvang en voëls. Die ander soort is wat genoem word "Red wigglers". Jakes gebruik die "Red wigglers" in sy tee boerdery. Hy sê dat die gewone tuin wurms ondertoe beweeg en dat "Red wigglers" op beweeg in die substraat.

Jakes het 'n nuwe boerdery opgesit, met die houers en wurms, vir sowat R150.00. Hy het 'n kraan met 'n 'washer' in die onderste emmer, wat die tee hou, installeer om die tee uit te tap. Die boonste bak se gaatjies moet groot genoeg wees vir water om deur te loop asook vir die wurms om deur te kan beweeg. Hy plaas dan bietjie grond en blare onder in die houer en dan omtrent alle oorskiet wat uit die kombuis kom. Hy vermy egter uie, sitrus, tamatie en vleis. Meel en "chick grow" kan help dat die wurms vinnig aanteël. In warm weer teël die wurms baie vinnig aan. Die wurms migreer van die onderste houer na die boonste houer. Jakes sit 'n deksel op die boonste houer maar maak 'n klompie gaatjies in die kant van die emmer vir ventilasie.

Jakes glo dat wurm tee die mees gebalanseerde voeding vir bome is wat jy kan kry. Hy dien so elke twee weke toe en verdun 1:4 met water.

Jakes het die nuwe boerdery opgeveil na sy praatjie.

Vergadering van 4 Junie 2022—Mini uitstalling

Links: Richard het hierdie vyf Witstinkhout boompies by Kathy Steyn gekoop om sy woudtjie te maak. Hy het nie gesê hoe lank terug nie.

Links: Hierdie is ’n Witstinkhout waaraan Francois sedert 2009 werk.

Vergadering van 4 Junie 2022—Mini uitstalling

Links: Vorster het hierdie twee Oliene sowat drie jaar gelede by Zeerust uitgegrawe.

Links: Richard het hierdie Witstink-hout boompie by Kathy Steyn ge-koop. Hy het nie gesê hoe lank terug nie.



Bo: Louis se Vals olien (Budleja saligna) het hy sowat 8 jaar gelede van kwekery material begin.

Vergadering van 4 Junie 2022—Mini uitstalling

Links: Francois het hierdie Natal vytjie sowat 7 jaar gelede van ’n steggie begin.

Bo links: Hierdie is ’n Vuurdoring (Pyravantha) wat Francois in 2020 begin verander het in formeel regop styl. Bo regs: Francois het hierdie Koraalboom (Erythrina lysistemon) van saad begin in 2016.

Bo links: Hierdie Spekboompie het Jaco sowat 16 jaar gelede van ’n steggie begin.

Bo regs: Hierdie Nanabessie (Searsia dentata) het Louis van kwekery materiaal begin in 2008.

Vergadering van 4 Junie 2022

PESTE EN PLAE OP BONSAI BOME EN VOORBEREIDING VIR LENTE

PRAATJIE DEUR LOUIS VD WALT

PRETOTIA BONSAI KAI

ALGEMEEN

BONSAIBOME IS PLANTE SOOS ENIGE ANDER PLANTE EN MOET BESKERM WORD TEEN KOUENDE, BYTENDE EN SUIGENDE INSEKTE SOWEL AS VERSKEIE FUNGI.

- **NB! GIFSTOWWE HOU GEVAAR IN VIR MENS EN DIER SOWEL AS DIE OMGEWING. DIT MOET ALTYD MET GROOT OMSIGTIGHEID GEBRUIK WORD EN OOK NET AS N LAASTE UITWEG AS NIKS ANDERS DIE PROBLEEM OPLOS NIE.**
- **LEES DIE BROSJURES EN DIEN TOE SOOS VOORGESKRYF DEUR DIE VERVAARDIGER.**

Vergadering van 4 Junie 2022

BESTE VOORSORG TEEN PESTE EN PLAE

DIE BESTE VORM VAN BEHANDELING IS OM TE VERSEKER DAT PLANTE GESOND IS MAW:
- **GENOEG WATER. NIE TE VEEL OF TE MIN NIE**
- **VOLDOENDE VOEDING**
- **GOEIE LUGSIRKULASIE OM DIE BLARE**
- **LUG IN DIE GROND VIR GESONDE ONTWIKKELING VAN WORTELSTELSEL**
- **GOEIE DEURLAATBARE GRONDMENGSEL**
- **KORREKTE PLASING SOOS VOLSON, HALFSKADU OF VOLSKADU IS BAIE BELANGRIK AFHANGEND VAN DIE BEHOEFTE VAN DIE PLANT**
- **ALHOEWEL BOGENOEMDE VAN UITERSTE BELANG IS KAN PROBLEME TOG VAN TYD TOT TYD VOORKOM WAT DRINGENDE AANDAG VERG**

DIE VOLGENDE PESTE EN PLAE IS MOONTLIK OP ONS BONSAI BOME

- **MIERE**
- **ANTRAKNOSE**
- **PLANTLUISE**
- **BOORDERS**
- **RUSPES**
- **WITLUISE**
- **SLAKKE**
- **WURMS**
- **BLAASPOOTJIES**
- **SILLA OF PSYLLA**

FUNGI
- **SWARTVLEK**
- **BLAARVLEK**
- **DONSIGE SKIMMEL**
- **ROES**
- **WORTELVROT**
- **ROOISPINNEKOP**
- **DOPLUISE**
- **WITVLIEG**

SILLA (PSYLLA)

BEHALWE DAT DIT ONOOGLIK IS VEROORSAAK DIT NIE ERNSTIGE SKADE NIE

GIFSTOWWE
- **INSEKDODER WAT PYRETHRINS AS AKTIEWE BESTANDDEEL BEVAT.**
- **OP BONSAI KAN DIE BLARE WAT BESMET IS VERWYDER WORD.**

Vergadering van 4 Junie 2022

Vergadering van 4 Junie 2022

MIERE

GIFSTOWWE
• MIERE GAAN GEWOONLIK GEPAARD MET PLANTLUISE EN DRA HUL EIERS ROND SOWEL AS FUNGI EN MAAK HUL NESTE IN DIE GROND IN DIE POT
• DEURDRENK GROND MET KOINOR OF SPUIT KEMPRIN OF CYBERMETHRIN OM VAN LUISE ONTSLAE TE RAAK

OMGEWINGSVRIENDELIKE METODES
• RAAK ONTSLAE VAN LUISE DEUR MET SEEP EN WATER TE SPUIT OF AF TE SPUIT MET N STERK STROOM WATER (DRUKSPUIT)

ANTRAKNOSE

GIFSTOWWE
• ANTRAKNOSE VERWYS NA N AANTAL FUNGI. WARM BEDOMPIGE WEER IS IDEAL VIR DIT. JONG BLARE IS MEER VATBAAR AS OUER LEERAGTIGE BLARE. SKEI DIE SIEK PLANTE VAN DIE ANDER OM VERSPREIDING TE VOORKOM
• ORIUS FUNGICIDE OF CHRONOS KAN GESPUIT WORD
• DAAR IS BAIE PRODUKTE OP DIE MARK VIR BEHANDELING

OMGEWINGSVRIENDELIKE METODES
• GLO NIE DAAR IS ANDER METODES NIE
• VERWYDER BESMETTE BLARE

Vergadering van 4 Junie 2022

PLANTLUISE

GIFSTOWWE
- **EFEKTO APHICIDE**
- **EFEKTO ROSECARE**
- **MAKHRO PLANTCARE**

OMGEWINGSVRIENDELIKE METODES
- **LUDWIGS INSECT SPRAY**
- **BIOGROW BIONEEM**
- **BIOGRO VEGOL**
- **NEEM OLIE**
- **MEGANIESE VERWYDERING**

HOUTBOORDER

GIFSTOWE
- **KOINOR**
- **PLANT CARE**

OMGEWINGSVRIENDELIKE METODES
- **VERWYDER MET N DUN DRAADJIE DEUR DIE OPENING**
- **AS DIE BESMETTING VER GEVORDER IS EN DIE WURMS ALMAL DOOD IS KAN KERFWERK GEDOEN WORD OM BOOM KARAKTER TE GEE MITS DIT NOG LEWE.**
- **AS JY NIE DIE STRYD WEN NIE VERBRAND**

RUSPES

GIFSTOWWE
- **PLANT CARE**
- **SEIZER**

OMGEWINGSVRIENDELIKE METODES
- **VERWYDER MET DIE HAND**

Vergadering van 4 Junie 2022

WITLUISE (MEALY BUGS)

GIFSTOWWE
• BLADWISSELENDE BOME IN RUS PERIODE (WINTER) KAN MET KALKSWAEL GESPUIT WORD
• KOINOR
• PLANT CARE
• SEIZER

OMGEWINGSVRIENDELIKE METODES
• SPUIT DEEGLIK MET SEEPWATER EN HERHAAL WEEKLIKS
• SEEPOPLOSSING
• 35 ML KOOKOLIE (2,5 EETLEPELS)
• 35ML SKOTTELGOEDSEEP (2,5 EETLEPELS)
• 4L WATER (1GALLON)

SLAKKE

GIFSTOWWE
• LOKMIDDEL WAT AKTIEWE BESTANDDEEL METALDEHYDE BEVAT
• GEBRUIK SLEGS AS N LAASTE UITWEG AANGESIEN DIT GIFTIG IS VIR VOELS EN ANDER DIERE.

OMGEWINGSVRIENDELIKE METODES
• SOUT
• LOKVAL
• PLAAS HOUER MET BIER IN DIE GROND SODAT RAND VAN HOUER GELYK MET GROND IS. DIE GIS REUK LOK HULLE.
• EIERDOPPE RONDOM PLANTE.
• OP BONSAI KAN DIT SOMMER MET HAND VERWYDER WORD

Vergadering van 4 Junie 2022

ERDWURMS

GIFSTOWWE

- **EK IS NIE N VOORSTAANDER VAN DIE GEBRUIK VAN GIFSTOWWE OM ERDWURMS DOOD TE MAAK NIE**

AS N ERDWURM PROBLEEM OPGEMERK WORD KAN MENS DIE BOOM UIT DIE POT HAAL EN VIR N PAAR UUR IN N VERDUNDE SEEPWATEROPLOSSING PLAAS. DIE WURMS BEHOORT UIT TE KOM EN MENS KAN HULLE MET DIE HAND VERWYDER.

BLAASPOOTJIES

GIFSTOWWE

- **CYBERMETRIN**
- **MALASOL**

OMGEWINGSVRIENDELIKE METODES

- **LUDWIG'S INSECT SPRAY**
- **EFEKTO ECO INSECT CONTROL**

ROOISPINNEKOP

GIFSTOWWE

- **MAKHRO PLANTCARE**
- **EFEKTO ROSECARE**

OMGEWINGSVRIENDELIKE METODES

- **BIOGROW PYROL**
- **MAHHRO ORGANICIDE**
- **EFEKTO ECO FUNGIMITE**

Vergadering van 4 Junie 2022

DOPLUISE

GIFSTOWWE
- **EFEKTO INSECTICIDE GRANULES**
- **PLANT PROTECTOR**
- **EFEKTO OLEUM**

OMGEWINGSVRIENDELIKE METODES
- **BIOGROW PYROL**
- **MAKHRO SK ECO OIL**
- **EFEKTO OLEUM**

WITVLIEG

GIFSTOWWE
- **MAKHRO PLANTCARE**
- **EFEKTO PLANT PROTECTOR**

OMGEWINGSVRIENDELIKE METODES
- **MARGARET ROBERTS INSECTICIDE**
- **BIOGROW PYROL**

KANKERSIEKTE

GIFSTOWWE
- **???**

OMGEWINGSVRIENDELIKE METODES
- **VERWYDER MEGANIES**

Vergadering van 4 Junie 2022

WINGERDKALANDER

GIFSTOWWE

- **????**

OMGEWINGSVRIENDELIKE METODES

- **???**

VOORBEREIDING VIR LENTE

- **LENTE IS SEKER DIE BESIGSTE TYD IN BONSAI KWEKING. DIE BOME BEGIN NOU BAIE VINNIG UIT HUL WINTERSLAAP KOM EN BEGIN BOT EN UITLOOP.**
- **BOME WAT TEEN KOUE BESKERM IS MOET NIE TE VINNIG UIT HUL SKUILINGS GEHAAL WORD EN IN DIE SON GEPLAAS WORD NIE. HULLE KAN DAN VOORTYDIG UITLOOP EN N SKIELIKE KOUE KAN DIE NUWE GROEI ERNSTIG BESKADIG. MENS MOET MAAR DIE WEER DOPHOU EN EERS WAG TOTDAT DAAR SEKERHEID IS DAT N KOUE FRONT NIE OPPAD IS NIE. DAAR IS NIE VASTE RIGLYNE NIE EN MENS MOET MAAR KATVOET LOOP. ELKEEN VAN ONS HET MAAR SY EIE MANIER.**
- **OORGANG VAN WINTER NA LENTE IS N TYD WAT ONS DIE VOG IN DIE GROND DAAGLIKS MOET DOPHOU WANT IN DIE WINTER GEE ONS BAIE MINDER WATER EN N SKIELIKE PAAR VROEE WARM DAE KAN TOT UITDROGING LEI EN BOME KAN DOODGAAN**
- **DIE WINTERMAANDE MOET GEBRUIK WORD OM ALLE BENODIGHEDE VIR LENTE GEREED TE KRY:**
  - **MAAK JOU GEREEDSKAP SKERP EN MAAK REG WAT STUKKEND IS**
  - **BEREI OF KOOP GENOEG GROND MENGSEL VIR AL DIE BEHOEFTES**
  - **MAAK BAIE SEKER WATTER BOME UITGEPLANT MOET WORD. HIERDIE IS VIR MY BAIE BELANGRIK WANT DIE VENSTER VAN GELEENTHEID IS NIE BAIE GROOT NIE. SEKERE BOME BV WITSTINKHOUT MOET GOED DOPGEHOU WORD. PLANT OOR SODRA NUWE LEWE BESPEUR WORD WANT AS DIE BLARE EERS GEVORM HET IS OORPLANTING N RISIKO. IMMERGROEN BOME KAN N GROOT DEEL VAN DIE JAAR OORGEPLANT WORD MET KLEIN OF GEEN RISIKO.**
  - **OORPLANTING GAAN GEWOONLIK GEPAARD MET WORTELSNOEI EN VERVANGING VAN DIE GROND MET VARS GROND. OU GROND MOET DEEGLIK UITGEKRAP EN UITGESPOEL WORD.**

Vergadering van 2 Julie 2022—Mini uitstalling

Regs: Louis het hierdie Natal vy gewys wat oorspronklik in die Wonderboom styl was. Die boom het van ryp skade amper heeltemal gevrek en net twee takkies het oorgebly. Nou weer oor begin.

Onder en regs: Org sê dat hy hierdie Witstinkhout sowat 25 jaar gelede by iemand gekry het wat opgehou het met bonsai.

Bo: Hierdie Elm van Org is sowat 15 jaar oud.

Vergadering van 2 Julie 2022—Mini uitstalling

Regs: Louis het weer vir ons die vordering gewys van sy Vals Olien wat hy sowat 8 jaar gelede van kwekery materiaal begin het.



Die Elm links bo het Vorster sowat 15 jaar gelede mee begin.

Die Witstinkhout bo regs is sowat 8 jaar oud en Vorster het hom uit sy tuin gehaal.

Vergadering van 2 Julie 2022

'Tip of the month' - Deur Jaco Kriek

Tip: Voeding van Bonsai in Lente

1. Ek hoop julle het laat somer en in herfs voeding gegee.

Uit alle tye van die jaar is laat somer en herfs seker die belangrikste tyd om voeding te gee. Die rede is dat die boom nou die voeding opneem en verseker dat sterk groei in die lente kan plaasvind. Dit gee opgegaarde energie vir lente groei. Organiese voeding word aanbeveel.

2. Winter voeding: Bome is dormant in winter. Hulle groei nie. Selfs die wat blare aanhou gedurende winter. Jy mors jou geld as jy in winter voeding gee.

3. Lente is die tyd wanneer als begin groei. Moet jy begin en al die bome voeding gee?

As jy jong bome in groot groei skottels het wat jy vining wil laat groei om die stam dik te kry begin dadelik voeding gee. Bome wat ek het wat reeds bonsai is doen ek die volgende:

A. Bladwisselende bome, my Akasias en Kanniedood wat geen blare aan het nie en reeds bonsai is. Moet niks dadelik gee nie. Wag totdat hulle vol in blaar is en die blare verhard het (hardened off). Gee dan voeding. Jy kan dan so twee weke nadat jy voeding gegee het die hele boom ontblaar en die boom reageer dan asof hy weer 'n winter gehad het en maak nuwe blare.

B. Nie bladwisselende bome, soos my Natal vye. Moet niks dadelik gee nie. Ek hou dop vir tekens van groei en ontblaar dan hele boom. Nadat blare verhard het kan jy begin voeding gee. November / Desember se kant ontblaar ek weer so twee weke nadat ek voeding gegee het.

Wat gee ek? Neutrog bounce back, Pokon bonsai feed (gimmick?) Francois (kaalvoet) se nuwe Seabrix.

Verfynnings tegnieke

Francois van As

PRETORIA BONSAI KAI

Vergadering van 2 Julie 2022

Verfyn jou bonsai

Twee tegnieke wanneer ons snoei:

- **Strukturele snoei,** wat meer streng snoei behels om ’n boom sy basiese vorm te gee, en
- **Onderhoud-snoei,** om die bestaande vorm van ’n bonsai te handhaaf en te verfyn.

Verfying van bonsai gaan gepaard met voortdurende snoei.

Strukturele snoei

- Om ’n boom sy basiese vorm te gee, behels dikwels dat groot takke gesnoei word.
- Om te besluit watter takke moet bly en watter verwyder moet word, kan ’n moeilike keuse wees. Nie net omdat dit ’n onomkeerbare aksie is nie, maar ook omdat dit sal definieer hoe die boom sal lyk.
- Die beste tyd om ’n boom struktureel te snoei is laat winter of vroeg lente, en sommige gevalle laat herfs, net voor of na die groeiseisoen. Tydsberekening verskil egter van spesie tot spesie.
- Sommige bome (bv Esdorings en Witstinkhoute) begin vroeg bot, en (bv Olien en doringbome) later.
- Handel groot snoei af voor hulle begin bot.
- As hulle reeds begin bot het, laat groei tot ongeveer vyf of ses nuwe blare voordat jy weer begin terugsnoei.
- As jy te vroeg na die eerste botsels begin terugsnoei, het die boom dalk nie genoeg voedingstowwe opgebou om weer sterk te bot nie en word die pro-ses verhinder.

Vergadering van 2 Julie 2022

Onderhoud snoei

- Die doel van onderhoud snoei is om die vorm van ’n boom te handhaaf en te verfyn.
- Die meeste groei vind plaas op die boonste en buitenste gedeeltes van die boom se takke.
- Belangrik om hierdie groei-areas gereeld te snoei om groei nader aan die binneste dele van die boom aan te moedig.
- Onderhoud snoei kan regdeur die groeiseisoen gedoen word.

Goeie vertakking

Goeie vertakking is ’n noodsaaklike kenmerk van verfyning.
In plantkunde word vertakking gedefinieer as:
1. ’n Struktuur wat uit takke gevorm word, en
2. Die konfigurasie van vertakkende dele.

Met bonsai gaan vertakking oor takontwikkeling, beginnende met primêre takke, dan sekondêre takke, tersiêre takke, ensovoorts, tot by die fynste takkies. Elke vlak is dunner (en gewoonlik korter) as die laaste, en as dit goed gedoen word, is die effek van deurlopende verkleining, van die basis van die stam tot by die punt van elke takkie sigbaar.

Vergadering van 2 Julie 2022

Hier kan mooi vertakking gesien word.

- Om ’n bonsai te verfyn is niks anders nie as om die takke te vermeerder deur goed deurdenkte snoeiwerk.
- Lente is die tyd waartydens snoei die grootste effek op jou boom het. Sodra die nuwe blare begin hard word kan tot die eerste twee blare teruggesny word.
- Dit stimuleer terugbot en vertakking van nuwe groei.

Vergadering van 2 Julie 2022

Dit is baie belangrik dat jy jou spesie ken.

- Knip die verkeerde een op die verkeerde tyd en dit sal ’n jaar teruggesit word.
- Japannese esdoring (Maples) moet nie te gou gesnoei word nie, maar ’n Chinese esdoring (trident maple) kan wel.
- Dieselfde geld vir Denne. Knip ’n Japannese wit den en dit is die einde van groei vir die jaar. Die Japannese swart den kan wel teruggeknip word en sal weer bot.

- Wat sê die kenners van ons inheemse bome?
- Watter spesies kan gedurende vroeg lente teruggeknyp word en sal weer bot?
- Watter spesies sal nie weer bot nie, as hulle te vroeg teruggeknyp word?

So bietjie basiese plantkunde

Blaarvorme:

Enkelvoudige blare:

Bv. Olien, Vye, Kei-appel, Maples, Elms

Vergadering van 2 Julie 2022

Saamgestelde blare:

- **Dubbelveervormig saamgestelde blare**

Bv. Apiesdoring, Swartapiesdoring, Jakaranda

- **Die verspreiding van blare**

⇒ **Teenoorstaande:**

⇒ **Oorkruis—teenoorstaande:**



Vergadering van 2 Julie 2022

⇒ **Alternatief:**



⇒ **Alternatief - spiraal:**



⇒ **Kransvormig:**

Vergadering van 2 Julie 2022

Takontwikkeling by verskillende spesies

- **Chinese esdoring (Trident maple)**
  - ◊ Enkelvoudige blaar
  - ◊ Blaarverspreiding: Teenoorstaande

- **Japannese esdoring (maple)**
  - ◊ Enkelvoudige blaar
  - ◊ Blaarverspreiding: Teenoorstaande

Vergadering van 2 Julie 2022

Takontwikkeling by verskillende spesies

- **Witstinkhout (Celtis africana)**
  - ◊ Enkelvoudige blare
  - ◊ Blaarverspreiding: Alternatief

- **Kei-appel (Dovyalis caffra)**
  - ◊ Enkelvoudige blaar
  - ◊ Blaarverspreiding: Alternatief

Vergadering van 2 Julie 2022

Takontwikkeling by verskillende spesies

- **Apiesdoring (Senegalia galpinii)**
  - ◊ Dubbelveervormig saamgestelde blare
  - ◊ Blaarverspreiding: Alternatief

- **Olienhout (Olea europaea subsp. africana)**
  - ◊ Enkelvoudige blaar
  - ◊ Blaarverspreiding: oorkruis—teenoorstaande

Vergadering van 2 Julie 2022

Takontwikkeling by verskillende spesies

- **Vals-olien (Buddleja saligna)**
  - Enkelvoudige blare
  - Blaarverspreiding: oorkruis—teenoorstaande

- **Bougainvillea**
  - Enkelvoudige blare
  - Blaarverspreiding: alternatief—spiraal

Vergadering van 2 Julie 2022

Takontwikkeling by verskillende spesies

- **Kuswurgvy (Ficus natalensis)**
  - ◊ Enkelvoudige blare
  - ◊ Blaarverspreiding: alternatief—spiraal

- **Spekboom (Portulacaria afra)**
  - ◊ Enkelvoudige blare
  - ◊ Blaarverspreiding: oorkruis—teenoorstaande

Vergadering van 2 Julie 2022

Die belangrikste elemente in bonsai

Informeelregopstyl

1. Die stam

Hoof fokuspunt

2. Die raamtakke (primêre takke)

Goed geplaas, sprei uit in alle rigtings



Vergadering van 2 Julie 2022

Die belangrikste elemente in bonsai

3. Die sekondêre takke

Ontwikkel uit raamtakke.
Vorm die basis vir fynergroei



4. Fyngroei

Die einddoel van vertakking



Vergadering van 2 Julie 2022

Natuurlike verhouding tussen die stam en die raamtakke



Natuurlike verhouding tussen raamtakke, sytakke en fyngroei





Vergadering van 2 Julie 2022

Witstinkhout (Celtis africana) - voor verfyning snoei

Witstinkhout (Celtis africana) - na verfyning snoei

Vergadering van 2 Julie 2022

Witstinkhout (Celtis africana)



Olienhout (olea europaea subsp. africana)

Die snoei van takke en ogies.



Foutief



Tak sal regop groei

Vergadering van 2 Julie 2022

Die snoei van takke en ogies.



Korrek
Aktiewe ogie



Snoei puntjie later af
Nuwe tak groei afwaarts

Die snoei van takke en ogies



Moet nie reguit afsny nie. Dit heel stadiger.

Sny skuins na bo af. Dit sal vinniger heel.

Moet nie skuins na onder afsny nie.

Vergadering van 2 Julie 2022

Verwyder (snoei) foutiewe takke



Gekruiste takke



V-vormig



Regopstaande



Inmekaargevleg



Ingroeiend



Onnatuurlike verdikking



Afgroeiend



Tak kruis die stam

Vergadering van 2 Julie 2022

Verwyder (snoei) foutiewe takke



Y-vormig



Wa-speke



U-vormig



Parallel



Regoorstaande



S-vormig

Die natuurlike styl



Snoei groeipunte om raamtakke te stop en sy-takke te ontwikkel.

Vergadering van 2 Julie 2022

Die natuurlike styl



Selekteer ogies wat nuwe takke moet vorm.

Snoei slegs wanneer nuwe blaartjies hard ge-word het sodat ogies kan ontwikkel.

Die natuurlike styl—eindproduk



Vergadering van 2 Julie 2022

Voorbeelde met goeie vertakkings

Bonsai gebeur nie oornag nie, dit is ’n tydsame proses.

Op die volgende bladsye volg voorbeelde van die prosesse om bome te verander

Vergadering van 2 Julie 2022

Chinese Elm

Rowwe material—1992

Bron: The art of natural bonsai,
Dave Joyce



Drastiese snoei
Mei 1992

Februarie 1993

Vergadering van 2 Julie 2022

Chinese Elm

November 1998

Julie 1999

Fagus sylvatica
European Beech

April—2001

Bron: Inspirations 1, Harry Harrington

Vergadering van 2 Julie 2022

Faugus sylvatica

Februarie 2002

September 2003

November 2004

Junie 2006

Vergadering van 2 Julie 2022

Faugus sylvatica

Julie 2006

November 2007

November 2004



Bonsai is not a race,

Nor is it a destination.

It is a never-ending journey.

♣

Terugvoering oor demonstrasie/werkswinkel bome.

Gedurende die vergadering van 4 September 2010 het Jurgen Nuss van Pietermaritzburg ons besoek, en die tema was wortel oor rots. Org het ’n Natal vy wat reeds op ’n rots gegroei het in ’n bonsai bak geplant. Die foto’s onder wys hoe die boom gelyk het in sy groei skottel, en nadat hy in die bonsai bak geplant is. Die foto’s is in Koeda uitgawe vyf 2010 gewys. Heel onder links was hoe die boom in 2012 gelyk het, ’n jaar en sewe maande later. Heel onder regs is die boom afgeneem op 17 Oktober 2022, dus 12 jaar na die eerste oorplant na die bonsai bak. Org het nie gesê of die boom in die twaalf jaar oorgeplant was nie. Dalk hoog tyd Org?

Bo: By die vergadering van 4 September 2010

Bo: 2012

Bo: 17 Oktober 2022

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Mid-somer Mid-summer	Laat somer Late sum-mer	Vroeg herfs Early autumn	Mid-herfs Mid-autumn	Laat herfs Late autumn
Maand: **Month:**		**Jan**	**Feb**	**Mrt** **Mar**	**Apr**	**Mei** **May**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Kort dormante periode, konsolideer nuwe groei Short period of dormancy, consoli-date new growth		Bery voor vir dormante periode Prepare for winter dormancy		
Aksie / Action	Bonsai van saad Bonsai from seed			Vir beste resultate gebruik vars saad For best results, use fresh seed		
	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings					
	Verplant Potting					
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning				Immergroen bome Evergreen trees	
	Vormsnoei Formative pruning					
	Knyp groeipunte Pinch growth points					
	Bemesting Fertilizer					
	Insekdoders Insecticide					
	Somerbeskerming Summer protection					

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Vroeg winter Early winter	Mid-winter	Laat winter Late winter	Vroeg lente Early spring	Mid-lente Mid-spring	Laat lente Late spring	Vroeg somer Early summer
Maand: **Month:**		**Jun**	**Jul**	**Aug**	**Sep**	**Okt**	**Nov**	**Des** **Dec**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Dormant gedurende die winter Winter dormancy			Herontwaking, nuwe groei Reawakening, new growth			Nuwe groei New growth
Aksie / Action	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings							
	Verplant Potting							
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning			Immergroen en bladwisselende bome Evergreen and deciduous trees				
	Vormsnoei Formative pruning							
	Knyp groeipunte Pinch growth points							
	Bemesting Fertilizer							
	Insekdoders Insecticide							
	Somerbeskerming Summer protection							
	Winterbeskerming Winter protection							